

DIE HELPENDE HAND
STUDIETRUST

# Solidariteit Helpende Hand
# Studietrust

# 20
# Studietrust brosjure
# 26




Dis meer as ‘n lening –
dis ‘n toekoms!

# Voorwoord



Welstand word met werksyn bereik. Werksyn kan slegs deur geleenthede bereik word. Solidariteit Helpende Hand fokus op die holistiese welstand van ons mense en ons gemeenskappe. Deel van welstand is om te kan studeer, jou in jou loopbaan voluit te kan uitleef, en jou roeping diensbaar te kan aanwend tot voordeel van jouself, jou naaste en jou gemeenskap. Dit is werksyn, by uitstek! Maar om te studeer, is nie goedkoop nie. Dit is ook nie 'n gawe wat vir almal beskore is nie. Deel van Solidariteit Helpende Hand se werksyn is om studente te help met hierdie hierdie groot uitdaging. Ons het die Helpende Hand Studietrust baie spesiaal en baie gefokus geskep. Die Studietrust neem verantwoordelikheid om elkeen wat wil studeer te help om te kan studeer. Dit is nie altyd maklik nie. Ons doen dit in samewerking met donateurs, trustfondse, vrywilligers, ondersteuners en gemeenskapstudiefondse. Ons glo in helpmekaar, saam doen, ter wille van mekaar. Ons sê graag vir mekaar: Dit is meer as 'n lening, dit is 'n toekoms. Die Helpende Hand Studietrust het die afgelope jare met ons rentevrye studielenings gewys wat ons wil doen, wat ons kan doen en waarvoor ons dit doen. Die antwoord is eenvoudig: Opvoeding, opleiding en ontwikkeling ter wille van mekaar, ter wille van ons gemeenskap, ter wille van 'n toekoms. So bou ons vorentoe!

# Oorsprong van die Studietrust

Die Mynwerkersunie het gedurende die 1960's besluit om 'n studiefonds te stig, juis omdat so min Afrikaanse studente dit destyds kon bekostig om te studeer. Dit het aanleiding gegee tot twee belangrike inisiatiewe: eerstens om fondse te werf vir die opbou van die destydse Randse Afrikaanse Universiteit (RAU), en tweedens om 'n volhoubare studiefonds op die been te bring.

Sedert 2009 het die Studietrust reeds 7 000 studente gehelp om hul drome van 'n tersiêre kwalifikasie te verwesenlik met behulp van rentevrye studielenings. Dit is moontlik gemaak deur die ruimhartigheid van individue, maatskappye en gemeenskappe wat saam glo in dit wat die Studietrust doen. Sedertdien is daar reeds R500 miljoen bestee om 'n volhoubare nalatenskap van hoop te bou. Die Studietrust is gestig as 'n platform vir donateurs om behoeftige Afrikaanse studente te help. Ons model van rentevrye studielenings is volhoubaar. Dit gee studente 'n kans om te studeer sonder die las van rente, en wanneer hulle terugbetaal, help hulle weer die volgende student. Dit is 'n kringloop van omgee wat groei, jaar na jaar. Soos wat 'n student terugbetaal, word daar nog fondse beskikbaar vir 'n volgende student om met 'n rentevrye studielening te studeer. Die lening moet terugbetaal word in dieselfde aantal jare as wat die student geld geleen het om te studeer.



Elkeen wat wil studeer, moet kan studeer



# Basis van die Studietrust

Die Studietrust is gebou op die sterk fondament van Solidariteit Helpende Hand as deel van die Solidariteit Beweging. Dit word gevoed deur almal wat saam glo en saam bou en groei jaarliks groter en sterker. Elkeen se bydrae is waardevol vir die voortbestaan van ons model en die opleiding en ontwikkeling van ons mense – vrywilligers uit die gemeenskap, ondersteuners wat finansieel bydra en maatskappye wat hul verantwoordelikheid teenoor en aandeel in 'n sterker volgende geslag nakom. Deur die jare raak studente se stories ons harte en besef ons dat baie jongmense se studiedrome sonder die Studietrust maar net drome sou bly. Daarom staan ons dankbaar voor elke deelnemer aan hierdie groeiende suksesverhaal wat in die welstand van ons gemeenskappe belê.

Finansiële tekortkominge mag nie in die pad staan van 'n sterk akademiese leerling of talentvolle toekomstige vakman se tersiêre opleiding nie. Dit is ons plig en ons voorreg om jongmense die geleentheid te bied tot 'n selfstandige toekoms. Saam kan ons baie meer studente help. Glo saam met ons in die toekoms van ons jongmense en raak betrokke by 'n volhoubare nalantenskap vir die volgende geslag.

# VERSKILLENDE SOORTE FONDSE

## Gemeenskapstudiefondse

Hierdie studiefondse word befonds deur vrywilligers in spesifieke streke en takke reg oor die land wat inisiatiewe loods om fondse in te samel. Gemeenskapstudiefondse word gestig met die doel om studente in elke fonds se spesifieke gemeenskap te ondersteun. Die fondse het elk spesifieke kriteria waaraan studente moet voldoen en hulle moet by hulle spesifieke streek se takprojekte betrokke raak. So word gemeenskappe versterk en studente kry die geleentheid om 'n tersiêre kwalifikasie te behaal. Uit die gemeenskap, vir die gemeenskap.

## Onafhanklike studiefondse

Hierdie studiefondse word befonds deur onafhanklike donateurs wat jaarliks 'n bydrae maak om hulle studiefondse aktief te hou. Sommige van die fondse word met testamentêre bemakings begin en verseker so die skenker se blywende nalatenskap. Elke fonds het 'n onafhanklike komitee wat studente volgens die fonds se unieke kriteria keur. Donateurs besluit gewoonlik op kriteria deur byvoorbeeld 'n spesifieke beroep of tersiêre instansie se studente te ondersteun en gee só vlerke aan hierdie studente se drome. Op dié manier kan die opleiding en vooruitgang van die volgende generasie in die werksmag verseker word.



# Bewegings- en interne studiefondse

"Die geskiedenis van die Afrikaner is een van helpende hande, nie bakhande of gebalde vuiste nie. Dis eerder hupstoot-hande wat mekaar help om op te staan en vooruit te gaan." – Dr. Dirk Hermann

Solidariteit se studiefondse is aanvanklik begin om Solidariteit-lede se kinders te ondersteun. Dit het die afgelope 18 jaar reeds 'n reusagtige verskil gemaak. Deesdae word 'n gedeelte van Solidariteit-lede se maandelikse ledegeld aangewend vir studiehulp vir behoeftige Afrikaanse studente wat aan 'n geakkrediteerde instelling in Suid-Afrika studeer. Deur die afgelope jare het nog Solidariteit Bewegingsinstellings ingekoop in hierdie bemagtiging van ons jongmense deur studiefondse te stig wat deur die Studietrust bestuur word. Solidariteit Helpende Hand bestuur ook interne studiefondse wat hoofsaaklik ontstaan het uit testamentêre bemakings en skenkings.

# Data en statistieke

Die Helpende Hand Studietrust streef daarna om doeltreffend te werk met die fondse tot ons beskikking. Ons maak doelgerig 'n volhoubare verskil deur gemeenskappe en donateurs te mobiliseer. Afgestudeerde leninghouers help ook om die Helpende Hand Studietrust groter en sterker uit te bou.



**18 jaar**

van volgehoue ondersteuning aan studente met studiedrome

**R500 miljoen**

is al in die vorm van rentevrye studielenings toegeken

**7 000 studente**


is al deur die Studietrust gehelp

**220 studiefondse**

word tans deur die Studietrust geadministreer

**> 300 donateurs**

is betrokke by die Studietrust



Dis meer as nét statistiek
Dis 7000 individuele stories



# RAAK SO BETROKKE

## Stig jou eie Studiefonds

Donateurs kan hul eie studiefondse stig met spesifieke kriteria waaraan studente moet voldoen. Die Studietrust identifiseer dan behoeftige, verdienstelike studente, wat aan die kriteria voldoen en lê hulle aansoeke aan die donateurs voor vir goedkeuring. Die Studietrust administreer die studiefonds en doen verslag oor die studente se vordering en die finansiële aspekte van die studiefonds.

## Testamentêre bemakings

Testamentêre bemakings aan geregistreerde openbare weldaadsorganisasies soos die Helpende Hand Studietrust is ingevolge artikel 4(h) van die Boedelbelastingwet belastingaftrekbaar. Benoem die Studietrust in u testament as begunstigde, spaar boedelbelasting, en verseker 'n student se toekoms.

# Eenmalige of maandelikse skenkings

Donateurs wat dalk nie 'n studiefonds wil stig nie maar tog 'n bydrae wil maak, kan eenmalig, maandeliks of jaarliks skenkings maak. Skenkings aan die Helpende Hand Studietrust is belastingaftrekbaar ingevolge artikel 18A van die Inkomstebelastingwet.

# Skenk bruikbare goedere aan die Ons Winkels

Deur bruikbare klere, meubels, elektriese ware, huisraad en enige ander items van goeie gehalte te skenk, maak jy 'n werklike verskil. Jou skenkings help om behoeftige studente se studies te befonds. Solidariteit Helpende Hand se Ons Winkels is tweedehandse skenkingswinkels – of thrift-winkels soos ons dit deesdae ken. Daar is Ons Winkels reg oor Suid-Afrika waar jy met vrymoedigheid jou tweedehandse items kan skenk, wetende dat 'n gedeelte van die opbrengs weer in die Studietrust belê word om 'n beter toekoms vir studente te help bou. Vind jou naaste Ons Winkel by www.onswinkel.co.za

*Ons Winkel – jou gunsteling thrift-winkel!*

# Bankbesonderhede

Die Helpende Hand Studietrust (IT 3970/2001 (T)) is 'n geregistreerde openbare weldaadsorganisasie met registrasienommer 93000 6586.

Dit beteken dat 'n donasie aan die Studietrust belastingvoordele inhou vir die donateur. 'n Donasie aan die Studietrust kan u belasbare inkomste met tot 10% verminder. Benewens die belastingvoordeel wat u ontvang, verrig u ook 'n weldaad deur 'n behoeftige Afrikaanse student se studiedroom te verwesenlik.

Donasies wat aan die Helpende Hand Studietrust gemaak word, is van belasbare inkomste aftrekbaar. Ons is dus gemagtig om 'n Artikel 18A-belastingsertifikaat uit te reik. Stuur u bewys van betaling na studietrust@helpendehand.co.za vir die uitreik van u belastingsertifikaat.

# Kontakbesonderhede

**Die Helpende Hand Studietrust**
012 111 8360
studietrust@helpendehand.co.za
studente@helpendehand.co.za
www.hh-studietrust.co.za

Die Helpende Hand Studietrust
Bank: FNB
Rek No: 62331447541
Takkode: 261550
Verwysing: Besigheidsnaam/Naam&Van
Swift Kode: FIRNZAJJ

Snap here to pay
SnapScan



www.hh-studietrust.co.za